# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Dissiplines van 'n heilige lewe (5): Gemeenskap van die heiliges

**Skriflesing:**
Hebreërs 10:19-39
(1983)

**Teksvers:**
Heb 10:25

**Sing:**
Ps. 84:1,2
Ps 25:2
Ps 23:1,2,3
PS 133:1,2
SB 15-1:1-4
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Ons het nou reeds verskeie dissiplines (geestelike gewoontes) van die nuwe mens in die PREDIKING aangespreek.

Ons teks spreek die slegte gewoontes, van wegbly uit die samekomste aan. As ons besef dat die brief aan die HEBREËRS eintlik aan 'n groot christelike gemeente in Rome gerig is, verstaan ons ook die sogenoemde *'samekomste'* (vs 25). Hulle het in klein huisgemeentes saam -gekom. Die Here roep ons dus op tot die intieme samesyn met medegelowiges.

Die Griekse woord vir hierdie onderlinge gemeenskap is *'koinonia'* wat nou al byna as 'n Afrikaanse woord geyk is.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Ons word geroep tot gemeenskap met Christus

**Skriflesing:**
1 Korintiërs 1:1-9
(2020)

**Teksvers:**
1 Korintiërs 1:9

**Sing:**
Ps 45:1,2,6,10
Ps 71:1,11,12
Ps 2:4,6
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Ware gemeenskap is meer as net die woord *Koinonia.* Van die begin af, toe God die mens geskep het, het Hy reeds in gemeenskap met Homself geleef as Vader, Seun en Heilige Gees. Die skepping van die mens was om in hierdie gemeenskap met God te deel. Deur die sonde is hierdie gemeenskapsverhouding met God tot niet, en skynbaar onherstelbaar verbreek.

Deur Jesus Christus word ons geroep tot ware gemeenskap met God.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA — DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 49** **Nr 36** **3 November 2024**


## Hervorming: *Luther se 95 Stellings*

Op 31 Oktober 1517 het dr Martin Luther, 'n Duitse teoloog en hervormer, sy 95 stellings op die deur van die Kasteelkerk in Wittenberg, Duitsland se deur vasgespyker. Hierdie dapper daad het die Protestantse Hervorming ontketen en die Katolieke Kerk se praktyke en leerstellings uitgedaag.

Luther se stellings het die Katolieke Kerk se verkoop van aflate gekritiseer, wat vergifnis van sondes in ruil vir geld belowe het. Hy het aangevoer dat:

1. Geloof, nie finansiële transaksies nie, tot verlossing lei.
2. Die Kerk het geen gesag gehad om vergifnis te verkoop nie.
3. Die praktyk het die armes uitgebuit en ware bekering ondermyn.

Luther het individuele geloof en Skrif bo kerklike tradisie beklemtoon. Hy het die pous se gesag en die konsep van pouslike onfeilbaarheid uitgedaag. Die stellings het gevra vir teologiese debat en hervorming binne die kerk.

Die 95 stellings het vinnig versprei en ontevredenheid met die kerk aangewakker. Luther se idees het ander hervormers, soos Johannes Calvyn en Zwingli, geïnspireer. So ontstaan die Protestantisme van die 16e eeu. Luther se stellings was ‘n groot draaipunt in die Christelike kerkgeskiedenis en het Reformasie op nie alleen kerklike gebied nie maar ook in die politiek, kultuur en taal bevorder.

Die vyf solas van die Reformasie is:

Sola Scriptura (*Alleen die Woord van God*),
Sola Gratia (*Uit genade alleen*),
Sola Fide (*Slegs deur die geloof* ),
Solus Christus en
Soli Deo Gloria.

Ds Maarten

Lees gerus die 95 Stellings: https://proregno.com/2017/07/19/die-95-stellings-van-maarten-luther-in-afrikaans/

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Die nuwe lewe in Christus!

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS**: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS**: Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET**: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK**: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 25, Ps 68:1 Volgende week: Hersiening Les 1-25, Ps 68:1

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná die Skriflesing na die kleuterklas kamer 8.
Vandag: Die Tien Melaatses, Ps 33 Volgende week: Afsluiting, Ps 33

| KOLLEKTES | | Instandhoudingsfonds |
|---|---|---|
| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens) | Vandag: **Kerkkas** (by die deure) | |
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Sustentasiefonds** | |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



## Eljada Huis

Baie dankie vir almal se bydraes vir Eljada Huis ! Dit word opreg waardeer!
Vir die komende vakansie benodig hulle egter addisionele kos.
Dink aan hulle as julle inkopies gaan doen en plaas die skenkings in die trollie onder die Olyfboom.

Liesje Kuperus 083 481 1160

## Wyse Gryses

Ons sluit die jaar se aktiwiteite DV af op

Maandag **4 November** 2024

om **12:00**

by **Oppi Stoep** Konferensie Sentrum,

Basdenlaan 190

Na 'n gepaste programmetjie gaan ons gesellig saam kuier en eet.

Liesje Kuperus (083 481 1160)

## Lydia's Heart Uitreik projek: Peiling

Die doel van hierdie berig is om u in te lig van 'n projek wat onlangs van stapel gestuur is en wat onder die Susters van die Gereformeerde Kerke se aandag gebring is.

Dit is 'n beskeie uitreik aksie, wat gedoop is '*Lydia's Heart*' (meer inligting sal aan belangstellendes verskaf word), van 'n gewone vrou na haar gemeenskap en ook die buiteland. Dit is 'n hekel hartjie boekmerk uitreik aksie wat begin is in 2022.

Indien u belangstel kontak:
Heila van Wyk 083 316 3781.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**3 Nov**

| | |
|---|---|
| Kobie vd Merwe | A15, A17 |
| Helena du Plessis | A8,9,11,14 |
| Liesel Badenhorst | C3 |

**3 Nov**

| | |
|---|---|
| Kobie vd Merwe | A15, A17 |
| Helena du Plessis | A8,9,11,14 |
| Liesel Badenhorst | C3 |

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan GK Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerk-gebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met prag-tige tuine en lae heffings. Daar is geen versorg-ingsfasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die prys is R510 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Des 2024. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R899. Die inwoner is ook verantwoordelik vir die kraggebruik en munisipale heffings.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter (op terrein) 071 403 4143
of Gerrit Beumer 082 572 5235
Aansoeke sluit **18 Nov 2024**

**Klein advertensies:**

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/ verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Drieslaapkamerhuis te huur** in Celtisdal. 1km vanaf Laerskool Wierdapark. Beskikbaar vanaf Nov/ Des 2024. Charlotte Fourie 0834099080.

**Meenthuis te huur** in rustige kompleks, Doringkloof. 3 sk, 2 bk, toegeboude stoep, dubbel motorhuis, gevestigde tuin met volledige solarstelsel. Geen troeteldiere. Beskikbaar vanaf Nov/Des 2024. Nelly Silvis 082 921 4904.

**Millstream Dullstroom eenheid** (4 persone) beskikbaar:13-20 Des- R7 000; 20-27 Des- R8 000. Braai, visvang, tennis, perdry, stap, verhitte onderdak swembad, wifi. Rina Venter 071 403 4143.

**Voetversorging** – eelte, ingroei toonnaels, liddorings en skuur van hake, ligte voetmassering, knip en verf naels. Dames en mans R220, pensionarisse R170. Ansie Kruger 072 063 1062 te La Vie Aftree-oord.

## Manne in Christus gebedsoggend 23 November om 08:00

Biddende manne in Christus:

- leef biddend naby hul Bruidegom wat in oormaat voorsien (leiding uit 'n wonderwerk);
- stuit nie, al is dit ongeleë, maar bid onbeskaamd (leiding uit 'n gelykenis);
- bid sonder om ligweg aannames te maak oor God se plan. Hulle verwag en wag (leiding uit Handelinge);
- vra vir ware wysheid maar rig nie 'n wankelrige versoek nie (leiding uit 'n Nuwe -Testamentiese brief) en
- biddende manne in Christus se gebede getuig dat hulle seker is dat eendag nie eers eendag is nie (leiding uit Openbaring).



Gereformeerde Kerk Centurion

Sondag, **10 November, 2024**

**16:30 – Dinosourusse en die Bybel**

Pieter le Roux – CMI spreker

Nooi jou familie en vriende!



**Tieners!**



**Sondag 3 November na die oggenddiens kuier ons in die grot. Ons hou ook die aand met afsluiting die aand met Roomys op die dak.**

### Bybels

Bybels in al die amptelike tale sowel as in Swazi (Eswatini/Swaziland), Chichewa (Malawi), Shona (Zimbabwe), Frans (DRK), en Portugees (Mosambiek) op aanvraag beskikbaar. Grootdruk Afrikaanse Bybels ook beskikbaar.

**Hoe bestel u?** Kontak Esmé van den Berg op 083 381 6428.

**Afrikaanse Bybels (2020 Vertaling)**

Beskikbaar by die kerkkantoor teen R100.



# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 03-Nov | Janine | Grobler | C07 | 27840749471 |
| | Hannes | vd Berg | A05 | 27833761506 |
| 04-Nov | Rochelle | Bloemhof | A07 | 27763286939 |
| | Esther | Hoffmann | A02 | 27832001907 |
| | Jan | vd Walt | A10 | 27832929003 |
| 06-Nov | Martie | Erasmus | C04 | 27828176917 |
| 07-Nov | Jors | Groenewald | A03 | 27833816454 |
| | Tillie | Kamper | B10 | 27832578768 |
| | Nikita | vd Walt | A10 | 27768214871 |
| 08-Nov | Jossie | Briers | A01 | 27823715383 |
| | Ilona | Erasmus | A10 | 27846741108 |
| | Lelo | Masie | E01 | 27730994955 |
| | Henriette | Roux | A13 | 27794509597 |
| 09-Nov | Moritz | Jv Vuuren | C13 | 27724441182 |
| | Leanne | van Biljon | E01 | 27835169791 |
| | Santie | van Rooy | B07 | 27825928952 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 04-Nov | Hannah | Brits | B15 | 27827821416 |
| 09-Nov | Milané | Niehaus | A12 | 27820604409 |

Gee God totale
**beheer**
en kyk wat
**gebeur.**

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Lou Venter het 'n oogoperasie ondergaan (C11—083 644 8080).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Geluk



Fred Reynecke met die verlowing aan Karla Dekker.



Geluk aan Dirk en Mandi met die geboorte van Dirk Fowler.

## Beroepe aanvaar

Ds HD (Hendrik) Verryn van GK Potchefstroom-Suid na GK Groblersdal.



## Alethea Outreach 11:00

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Passage: Heb 10:19-39

Rev Maarten van Helden